

19.3 RAPPORT 2: DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS – ONAFHANKLIKE SKOLE EN TUISONDERWYS (Art 138)

- A. Dr DJ de Kock lewer die Rapport.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

- 1.1 Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om met Aros en soortgelyke instansies te skakel om bestaande bronne te ontgin en bekend te stel (Acta 2012:223, 3.1).
- 1.2 Die te benoeme Deputate benoem 'n persoon/persone om te skakel met verskillende instansies wat betrokke is by openbare en onafhanklike Christelike onderwys / tuisonderwys, bv VCHO, ARSO/Aros, ARTO, BCVO, ERCO, Fedzas en SAOU met die oog op hulpverlening waar moontlik (Acta 2012:223, 3.2).
 - (ERCO bestaan nie meer nie.)
- 1.3 Die te benoeme Deputate voorsien Kerkrade van inligting sodat hulle ARSO se handboeke aan skole in hul omgewing kan bekendstel (Acta 2012:223, 3.3).
- 1.4 Kerkrade word opgeroep word om erns te maak met die ondersteuning/samewerking met diensorganisasies (soos ARSO/Aros/BVCO ens) wat Christelike opvoeding en onderwys bevorder (Acta 2012:223, 3.4).
- 1.5 Kerkrade word gevra om 'n lidmaat daarvoor verantwoordelik te maak om in te teken op Aros se 'facebook'-blad. Hierdie lidmaat word gevra om relevante inligting aan die Kerkrade deur te gee met doel om op hoogte te bly van o.a. die ontwikkeling van onderwysreg en -beleid (Acta 2012:224, 3.5).
- 1.6 Kerkrade word opgeroep om te bid dat die Here die voornemens van die Aros-diensburo vir skole se uitbreiding en ontwikkeling sal seën tot opbou van Sy koninkryk (Acta 2012:224, 3.6).
- 1.7 Kerkrade word gevra, gesien in die lig van die uitbreidings- en innoverende onderwysinisiatiewe deur die Aros-diensburo, om tot die volgende Sinode (2015), jaarliks een verpligte kollekte vir lesmateriaalontwikkeling deur AROS af te staan. [Kyk by 13.3 in Handeling – Deputate Handeling], (Acta 2012:224, 3.7).
- 1.8 Kerkrade word versoek om by skole in hulle omgewing die boeke van ARSO/Aros bekend te stel en die aankoop daarvan aan te beveel (Acta 2012:224, 3.8).
- 1.9 Kerkrade word kragtens KO, art 21 en met verwysing na die doopbelofte aangemoedig om verbondsouers op hulle verantwoordelikheid rakende die leerinhoud van hul kinders se handboeke te wys en hulle toe te rus (Acta 2012:224, 3.9).
- 1.10 Plaaslike Kerkrade word daarop gewys dat Aros behulpsaam kan wees met die beoordeling van spesifieke handboeke en dat ouers Aros in hierdie verband kan kontak (Acta 2012:224, 3.10).

Besluit: Punte 1.1 tot 1.10 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Wat ARSO betref

- 2.1.1 Daar is 'n dosyn skole of skooltjies met saam ongeveer 'n duisend leerlinge, hoofsaaklik kleuter- en laerskoolkinders, as lede van ARSO (Aksie Gereformeerde Skoolonderwys) landswyd, maar daar is 'n enorme potensiaal om meer sulke skole te stig. Baie kerkgeboue het die regte fasiliteite daarvoor.
- 2.1.2 Verlede jaar is in die GK Derdepoort 'n gemeenskapskool, ARSO Derdepoort gestig. Die skool is 'n sendingsmodel en die bedoeling is om die model te kloon. Dit vereis egter samewerking van Kerkrade, gelowige medewerkers en finansierders.
- 2.1.3 ARSO het op 11 Junie 2014 'n nuwe fase betree toe dit formeel ontbondel is van AROS. ARSO sal voortaan funksioneer as een van vier bene van die Instituut vir Christelike Onderwys. Die Instituut van Christelike onderwys hanteer:

- 2.1.3.1 ARSO-skole
- 2.1.3.2 Nie-ARSO skole (openbaar en privaat)
- 2.1.3.3 Kurrikulum ontwikkeling
- 2.1.3.4 Onderwysdienskantoor

Kerke word aangemoedig om gebruik te maak van die Instituut vir Christelike Onderwys vir advies en leiding.

- 2.1.4 AROS as 'n Gereformeerde hoëronderrys-opleidingsinstansie het oor tien jaar uitgegroeï tot meer as 600 studente in 2014 en hierdie groei sal na verwagting voortduur. Tans lei AROS net voornemende junior primêre onderwysers op, maar hoop om ook in die toekoms ander kwalifikasies te kan aanbied. Die grootste deel van hierdie studente meld dat hulle lidmate van die NG Kerk is (45%), 8% is Gereformeerde, Apostolies (insluitende Doxa Deo) is 9%, Hervormdes is 6%, gevolg deur lidmate van 'n wye verskeidenheid charismatiese en ander denominasies (selfs twee Rooms Katolieke). Die studente ontvang vier jaar se (verpligte) Bybelkunde, asook Geloofsleer en Normatiewe pedagogiek. Dit is vir AROS 'n voorreg om hierdie studente te mag blootstel aan die Gereformeerde leer. AROS sien homself dan ook as 'n voortsetting van die lyn wat hom besig hou met Christelike wetenskaps-beoefening.

AROS het reeds by die Raad vir Hoër Onderwys aansoek gedoen om die kwalifikasies wat hy aanbied, uit te brei, vanaf BEd (grondslagfase), na die BEd (intermediêre fase) asook 'n diploma vir kleuterskoolonderwysers.

- 2.1.5 In 2013 is die Onderwys Teologiese Vereniging (OTV) gestig wat in samewerking met die Teologiese Fakulteit van die Potchefstroomkampus van die NWU aan voornemende onderwysers en ander die NWU BTh-grad bied. Daardeur hoop die OTV om aan studente 'n stewige teologiese fondament op te bou. In 2014 was daar twee studente wat in die toekoms hopelik 'n groot bydrae sal kan lewer, veral met die opgradering en uitbouing van 'n Christelike kurrikulum.
- 2.1.6 'n Databasis van ongeveer 2 000 Christelike onderwysers in die land is opgebou, maar word nog nie optimaal benut nie.

2.2 *Wat die BCVO betref*

- 2.2.1 Die BCVO bedien tans ongeveer 40 lidskole en 10 nie-lidskole van 'n volledige onderwysdiens, naamlik kurrikulering, standaardisering, assessering, opleiding, Bybelonderrig, Sport en Kultuur. Daar is tans ongeveer 3 000 kinders by die BCVO ingeskryf.
- 2.2.2 Die grondslag van die BCVO is gesetel in die uitleef en bevordering van die Bybelse Christelik Gereformeerde Calvinistiese geloofsoortuigings soos uiteengesit in die drie Formuliere van eenheid en in die kultuurbeleving van die Afrikaner wat onlosmaaklik deel is van die kerkgeskiedenis van ook die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Deur die uitleef van ons kultuur erken en eer ons God wat in sy ewige raadsplan besluit het om 'n volk hier te plant en te louter. Dit sien ons in besonder in die gelofte van Jan van Riebeeck, die vlug van die protestante vanuit die stamlande, die Groot Trek, die gelofte by Bloedrivier en vele ander voorbeelde. Dit staan in skrilte kontras met die heidense duiwelse gebruike en kulture waar voorvaders aanbid word en toordokters geëer word.
- 2.2.3 In die BCVO skole is Bybelonderrig 'n verpligte promosievak in alle grade en word God se almag en voorsienigheid in alle vakke aan die kinders uitgewys en versterk.
- 2.2.4 Die BCVO verset hom aktief teen die huidige skoolstelsel waar alle gelowe gelykgestel word en waar daar van ons kinders verwag word om in heidense praktyke deel te neem. Ook teen 'n sisteem waar evolusie geleer word as "die enigste logiese waarheid" en derhalwe die almag van God misken word. Dit staan in skrilte kontras met ons belydenis dat God alles uit niks geskep het deur sy Woord.

- 2.2.5 In die CVO skole is die LO (Lewensoriëntering) vervang met CLO (Christelike lewensoriëntering) sodat ons kinders nie van menseregte en die verheffing van die mens geleer word nie maar van ons diensbaarheid aan God en ons naaste en ons rentmeesterskap volgens die skeppingsopdrag.
- 2.2.6 Die BCVO bedien tans heelwat skole in kleiner en afgeleë dorpe waar die onderwys in die plaaslike staatskole totaal verval het. Hier bedien ons ook heelwat kinders wat finansiële nie in staat is daartoe om hoë skoolfooi te betaal nie. Daarom is dit dikwels vir die skole moeilik om finansiële te oorleef.
- 2.2.7 Die BCVO handhaaf 'n goeie verhouding met alle plaaslike kerke met 'n Gereformeerde belydenis. Dit word uitgeleef deur die predikante uit te nooi om openings waar te neem en selfs om deel te wees van die Bybelonderrig.
- 2.2.8 Die ouerwordende onderwyskorps is 'n groot bekommernis en ondervind die skole dit al moeiliker om goed gekwalifiseerde onderwysers in sekere vakke te vind. Dit is veral in Wiskunde, Natuurwetenskap, Rekeningkunde en Engels.
- 2.2.9 Die BCVO vra alle gelowiges om voorbidding en bystand in die groot taak om Christelik Gereformeerde onderwys te bevorder in 'n samelewing waar sport en humanisme belangriker geword het as geloof en diensbaarheid.
- 2.3 *Wat Tuisonderrig betref*
Die Deputate het geen werk hieromtrent gedoen nie.
- 2.4 *Algemene tendense in die onderwys*
- 2.4.1 Die tekort aan gekwalifiseerde onderwysers in die land duur voort. Die kapasiteit van tersiêre instellings om in hierdie tekort te voorsien, is veel minder as die getal nuut-gekwalifiseerde studente wat jaarliks onderwysers word. Hoewel die witskrif van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding van November 2013 die stigting van onderwysers-opleidingskolleges in die vooruitsig stel (terug na die ou Normaalkolleges), is dit nie iets wat gou gedoen sal kan word nie, en wat nog veel langer sal neem om resultate te wys. Die tekort gee aan 'n Reformatoriese instelling soos AROS geleentheid om studente vanuit God se Woord op te lei om deur 'n Christelike kurrikulum 'n groot invloed in die samelewing uit te oefen.
- 2.4.2 Die omvang van private/onafhanklike onderwys/skole neem steeds toe, maar ongelukkig nie wat betref Christelike private onderwys nie. Private onderwys word al meer elite-onderwys vir rykmanskinders, ongeag kleur. Die privatesektor maak van die behoefte aan goeie onderwys gebruik deur al meer skole op te rig (byvoorbeeld die Curro-groep). Christelike skoolgroepe soos ARSO- en BCVO-skole het gemengde wêreld wat wissel van plek tot plek.
- 2.4.3 Daarby moet genoem word dat die giftigheid teen die Christelike geloof (en teen onafhanklike onderwys) wat tot 'n aantal jare duidelik in owerheidskringe merkbaar was, lyk of dit verminder het, veral op informele vlak. Hiervan kan ons met dank kennis neem.
- 2.4.4 Die Februarie- en die Maart-uitgawe van *Die Kerkblad* het in totaal 15 artikels oor die noodsaak van Gereformeerde onderwys gepubliseer. Daar was 'n hele aantal insigte en gevolgtrekkings, maar Deputate vra hulself die vraag af hoe dit alles in praktyk gebring kan word.
- Voorbeelde van enkele gevolgtrekkings is: Dat die Christen-opvoeder geroepe is om stewig te staan; Dat kinders moet leer om nie los van God en sy Woord te dink en te leef ten opsigte van alle aktiwiteite en vakgebiede nie; Hoe belangrik 'n liefdevolle band tussen onderwyser en kind is; Dat die onderwyser liefde vir God, sy Woord en sy skepping moet kweek; Dat onderwysers voorbeelde en mentors moet wees; Dat ouerbetrokkenheid 'n vereiste is; Dat Kerkrade 'n belangrike taak ten opsigte van die onderwys het in terme van toesig, toerusting, aktivering, bevordering van samewerking; Dat die hande van gelowige onderwysers versterk moet word; Dat Gereformeerde privaatskole vanuit kleuterskole moet ontwikkel; Dat onderwysers- en teologiese opleiding nouer verbind moet word; Dat predikante ook by die onderwys betrokke moet raak;

Dat Gereformeerdes aktiewe steun moet gee aan openbare en privaatskole, vennootskappe, en dat nuwe vorms van onderwys en die gebruikmaking van moderne tegnologie ondersoek en aangewend moet word.

Enkele meer prakties-toepasbare gedagtes was byvoorbeeld: Dat ouers en kerke meer betrokke moet raak by skole en by Reformatoriese onderwysinisiatiewe; Dat diensgroepe in gemeentes om Gereformeerde onderwys te bevorder, gevorm moet word; Dat die regte inisiatiewe befonds en ondersteun moet word soos deur die stigting van 'n trust.

- 2.4.5 Dit is Deputate se oortuiging dat as lidmate en kerke nie veel meer aandag aan die Gereformeerde opvoeding en opleiding van die jeug in openbare en private skole gee nie, die toekoms van die GKSA donker lyk, menslikerwys gesproke. Daarom is veel meer aandag en energie en hulpbronne noodsaaklik.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4.5 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

- 3.1 Gemeentes word opgeroep om ons Vader se guns af te bid vir onderwys in Suid-Afrika.
- 3.2 Ouers word opgeroep om aktief in die opvoeding en opleiding van die jeug in openbare en private skole betrokke te raak.
- 3.3 AROS word versoek om voort te gaan met sy werk om onderwysers op 'n Christelike grondslag op te lei en dit ook verder uit te bou na die stigting van 'n vrye Gereformeerde Hoër Onderwys Opleidings instansie.
- 3.4 Die te benoeme Deputate voortgaan om te skakel met instansies wat betrokke is by openbare en onafhanklike Christelike onderwys en tuisonderwys, met die doel om gemeente hieromtrent in te lig en by te staan.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.4 met groot dank goedgekeur.